Gereformeerde Kerk Benoni

Jeugdiens

17:00

Aanddiens

18:30

Kooroefening

17:15

7 Maart 2010

Lees: Luk 18: 9-14

Ps 48 : 1, 5 (bl 243)

Die HEER is groot waar Sions top
hom wentel uit die dieptes op.
Hy is lofwaardig, waar verhewe
die berg en stad in songlans bewe,
en Sion teen die noorde
blink, bó die lof van woorde.

Daar waar in ...

Ps 48 : 1, 5 (vervolg)

Daar waar in vlekkelose wit
die Koning van die wêreld sit,
het Hy, wat een die vyand waak,
as rotsburg Hom bekend gemaak.

Ps 48 : 1, 5 (bl 243)

Laat Sions berg weerklink van vreug!
Laat Juda's dogters hul verheug,
omdat Gods oordeel hul verbly het -
dié oordeel wat sy volk bevry het.
Aanskou die stad met skanse,
paleise, toringtranse -

hoedat hul pryk...

Ps 48 : 1, 5 (vervolg)

hoedat hul pryk met nuwe prag.
En meld dit aan die jong geslag:
Die God is ons God, en Hy
sal tot die dood toe ons gelei.

Lied 164 : 1, 2

Ons is almal hier tesaam,
vergader in sy Naam,verheerlik Hom.
Tot die dood was Hy getrou
en daardeur is ons nou sy eiendom.
Kom ons leef soos wat Hy vra
en leer om te verdra
en liefde na te streef.
Loof Hom, Christus, die Heer.

Lied 164 : 1, 2

Ons is almal hier tesaam,
verenig in sy Naam, verheerlik Hom.
Met ons hart en mond en hand,
ons kragte en verstand
kom loof ons Hom.
Hou ons lewend deur u Gees,
laat ons u kinders wees
en U bo alles eer.
Jesus Christus, die Heer.

Lied 205 : 1, 2, 3

Bring lof aan die Vader,
verheerlik die Seun,
vir liefde, genade, verlossing en steun –
dat elkeen wat glo
nie verlore mag gaan
maar ewig voor Hom
as verloste kan staan.

Loof die Heer....

Lied 205 : 1, 2, 3

Loof die Heer, loof die Heer -
sing, gelowiges, saam!
Loof die Heer, loof die Heer -
prys sy heilige Naam!
Hy kom uit genade
ons sondes versoen
dat ons Hom vrymoedig
ons Vader kan noem.

Lied 205 : 1, 2, 3

Ons lof aan die Skepper
wat altyd getrou
sy kerk hier bewaar,
dit vernuwe en bou –
ons bly inspireer
en ons stuur deur sy Gees
om sout en om lig
vir die wêreld te wees.

Loof die Heer....

Lied 205 : 1, 2, 3

Loof die Heer, loof die Heer -
sing, gelowiges, saam!
Loof die Heer, loof die Heer -
prys sy heilige Naam!
Hy kom uit genade
ons sondes versoen
dat ons Hom vrymoedig
ons Vader kan noem.

Lied 205 : 1, 2, 3

Ons lof, ons aanbidding,
o Vader, ons lied
is nietige klanke,
deur kinders gebied.
Tog sien U ons nood
en verhoor ons gebed -
oneindig die liefde
wat U vir ons het.

Loof die Heer....

Lied 205 : 1, 2, 3

Loof die Heer, loof die Heer -
sing, gelowiges, saam!
Loof die Heer, loof die Heer -
prys sy heilige Naam!
Hy kom uit genade
ons sondes versoen
dat ons Hom vrymoedig
ons Vader kan noem.

Gereformeerde Kerk Benoni

Jeugdiens

17:00

Aanddiens

18:30

Kooroefening

17:15

7 Maart 2010

Lees: Luk 18: 9-14

Ps 20 : 2

Mag Hy sy heil en bystand stuur
uit hoë heiligdom,
en u uit Sion ondersteun,
van waar u hulp sal kom.

Ps 20 : 4

Mag Hy, die ryke God, u gee al wat u hart verlang!

Vervulling van wat u beraam - mag u dié guns ontvang!

Ps 134 : 4

Laat, HEER, u seën op hul* daal,

u guns uit Sion hul* bestraal!

U wat beveel en - dit geskied,

wil, HEER, u seen oor hul* gebied!



Votum

en

Groetseën

Ontmoetingsdiens

Ps 105 : 1, 2 (bl 514)- Staan

Loof, loof die HEER van alle here!
Verhoog sy Naam en gee Hom ere,
en bring sover daar volke is,
sy dade in gedagtenis;
en spreek met aandag en ontsag
van al sy wonders, dag aan dag.

Ps 105 : 1, 2

Laat almal juig met blye galme;
sing voor die HEER jul
vreugdepsalme;
beroem jul in sy heil'ge Naam,
Laat almal wat Hom soek, nou saam
hul hart verenig tot sy eer
en hul verlustig in die HEER.

Geloofsbelydenis

Ek glo in God die Vader, die Almagtige,
die Skepper van hemel en aarde;
en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
wat ontvang is van die Heilige Gees,
gebore uit die maagd Maria;
wat gely het onder Pontius Pilatus,
gekruisig is, gesterf het en begrawe is
en die lyding van die hel ondergaan het,

Geloofsbelydenis

wat op die derde dag opgestaan het uit die dood;

opgevaar het na die hemel

en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,

waarvandaan Hy sal kom om die lewendes

en die dooies te oordeel.

Geloofsbelydenis

Ek glo in die Heilige Gees;
Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk,
die gemeenskap van die heiliges;
die vergewing van sondes;
die opstanding van die liggaam
en 'n ewige lewe. Amen

Die wet van die Here

Eks 20



Eks 20:1 Toe het God al hierdie gebooie aangekondig:
2 "Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het.
3 (1) Jy mag naas My geen ander gode hê nie.
4 (2) "Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie.
5 Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat,
6 maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam.

7 (3) "Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie.
8 (4) "Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou.
9 Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet,
10 maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie.
11 Die Here het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak, die aarde en alles daarop, die see en alles daarin. Op die sewende dag het Hy gerus, en daarom het die Here dit as gereelde rusdag geheilig.

12 (5) "Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee.
13 (6) "Jy mag nie moord pleeg nie.
14 (7) "Jy mag nie egbreuk pleeg nie.
15 (8) "Jy mag nie steel nie.
16 (9) "Jy mag nie vals getuienis teen ‘n ander gee nie.
17 (10) "Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie. Jy mag nie sy vrou begeer nie, ook nie ‘n slaaf of slavin, ‘n bees of ‘n donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie."

SB 9-2 : 9 - Staan

Deur u volmaakte wet, o Here,
ontdek ons steeds ons sondigheid;
u Gees bring ons die heil in Christus
dat ons kan leef uit dankbaarheid.

Skriflesing:

Luk 18 : 9 -14

Luk 18:9 Met die oog op mense wat seker was dat hulle eie saak met God reg is en wat op ander neergesien het, het Jesus hierdie gelykenis vertel:
10 "Twee mense het na die tempel toe gegaan om te bid. Die een was ‘n Fariseër en die ander een ‘n tollenaar.
11 Die Fariseër het gaan staan en by homself so gebid: ‘O God, ek dank U dat ek nie soos ander mense is nie: diewe, bedrieërs, egbrekers, en ook nie soos hierdie tollenaar nie.
12 Ek vas twee keer in die week en ek gee ‘n tiende van my hele inkomste.’
13 "Maar die tollenaar het daar ver bly staan en wou selfs nie na die hemel opkyk nie. Hy het bedroef op sy bors geslaan en gesê: ‘O God, wees my, sondaar, genadig.’

14 "Ek sê vir julle: Hierdie man, en nie die ander een nie, het huis toe gegaan as iemand wie se saak met God reg is. Elkeen wat hoogmoedig is, sal verneder word; en hy wat nederig is, sal verhoog word."

Woord- en Gebedsdiens

Sb 11-1 : 1, 2, 8

Troos, troos my volk, sê God die HERE;
dreig nou nie meer met oordeelstem,
genees die wond, o sienerherder,
die hartseer van Jerusalem.

5-6 jariges gaan saam met Sr Marinda van der Merwe

Sb 11-1 : 1, 2, 8

Vertel haar dat haar stryd verby is,
haar skuld vereffen is geheel,
dat sy ontvang het uit my hande
vir al haar sonde 'n dubbel deel.

Sb 11-1 : 1, 2, 8

Voorwaar, die mens is maar 'n stengel,
'n grasspriet wat verdor, vergaan,
'n blom wat wegwelk uit die velde.
Alleen die Woord van God bly staan.

Woord- en Gebedsdiens

Kollekte:

Diens van Barmhartigheid

Antwoorddiens

Ps 33 : 2, 11 (bl 157) - Staan

Sing nuwe sange, nuutgebore
uit aandrif van die skoonste kuns;
trompetgeklank deur tempelkore
moet danksê vir Gods nuwe guns.
Wat ons toegeseg is in Gods Woord wat reg is,
het ons hart verbly;
en Gods almagsmerke sien ons op sy werke - waar en reg soos Hy.

Antwoorddiens

Ps 33 : 2, 11 (bl 157)

In God, dié God wat ons beveilig,
voel nou ons hart opnuut verblyd;
en op sy Naam, ontsaglik heilig,
vertrou ons tot in ewigheid.
Goedertieren Vader,
hoor ons as ons nader
met 'n diep ontsag;
slaan ons gunstig gade,
skenk ons u genade
as ons op U wag!

Antwoorddiens

Wegstuurseën

&

Amen

Katkisasie Opening

Ps 103 : 3 **(bl 504)**

Loof Hom wat met die goeie jou versadig,
jou lewenskrag van nuuts af begenadig,
sodat jou jeug is soos die arendsjeug.
Die HEER doen reg - Hy is die hoogste rigter -,
vergeld die kwaad en straf die onregstigter,
maar aan verdruktes skenk Hy ruimte en vreug.

Gereformeerde Kerk Benoni

Jeugdiens

17:00

Aanddiens

18:30

Kooroefening

17:15

7 Maart 2010